Die oorsprong van die Afrikaanse Baptistegetuienis

Odendaal – 'n soeker na waarheid

Baptisme moet, teen die verwagting in, by die Afrikaanssprekende deel van die bevolking van Suid-Afrika, as 'n produk uit eie bodem gesien word. Dit is die volhardende soeke na die Bybelse waarheid ten opsigte van die doop van gelowiges deur Jacobus Daniel Odendaal.

Oortuiging en bekering

Hy is op 5 Mei 1838 op die plaas Slangrivier in die distrik Swellendam gebore en was die tiende van dertien kinders van Dirk Cornelis Odendaal [28/7/1801 – 23/12/143] en Maria Elisabeth de Bruin. [15/5/1805 – 11/4/1861].

As gevolg van die vrome invloed van sy weduwee-moeder het hy as jong man na Stellenbosch gegaan om hom vir die bediening van die Evangelie voor te berei. Gewetensbesware teen besprinkeling van babas, het hom genoop om na die eerste jaar studies te Stellenbosch te staak.

In 1859 is hy met Susanna Johanna Smalberger [8/9/1842 – 17/2/1879] getroud. Uit hierdie huwelik is dertien kinders gebore. Sy moedige geloofsoortuigings, het hom veragting en vervolging van sy familie op die hals gehaal. Hulle het hom as 'n wederdoper verag. Sy moeder, egter, was hom goedgesind en het hom in sy oortuiging gesteun. Die gesindheid van sy familie het hom op 25 Januarie 1861 laat besluit om hom uit die omgewing te onttrek, en hy en sy vrou het hulle op die plaas Witkop, in die distrik Burgersdorp, gaan vestig. Van sy verblyf alhier het hy later getuienis gelewer dat dit die plek was waar hy tot bekering gekom en die wedergeboorte ondervind het. As onderskraging hiervan het hy na Lk 15:1 en Jes 43:1 verwys.

Dit wil voorkom asof sy bekering 'n konfrontasie met die plaaslike gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op die spits gedryf het. Nou was hy nog meer as ooit tevore, oortuig van die Skrifgebondenheid van die doop van gelowiges volgens die Nuwe Testamentiese metode deur onderdompeling en hy het volgehou dat hy sou aanhou bid en soek todat hy diesulkes sal vind wat Nuwe Testamentiese beginsels onderskryf en geloofspraktyke beoefen

**Doop**

Met verloop van tyd is sy gebede beantwoord. 'n Perdeverkoper het een nag by hulle herberg gevind. Na die gebruiklike boekevat met verduideliking, gebed, sang en gesprek oor geestelike sake wat gevolg het, het die besoeker navraag gedoen of Odendaal 'n Baptis was, omdat hy, volgens die besoeker, soos hierdie mense gepraat en gehandel het. Hy was nie. Gretig het hy na besonderhede – hulle geloof en geloofspraktyke- en waar hulle hulselfbevind – verneem. Daarna het hy alleen

die lang tog van ongeveer 300 kilometers vanaf Burgersdorp na King William's Town, waar Baptiste hulle bevind het, aangedurf.

In die huidige omgewing van Cathcart het hy sy kar en perde uitgespan en in die koelte van 'n doringboom skuiling teen die hitte van die middag gesoek. Twee manne in 'n verbygaande kar het ogemerk dat hy besig was om sy Bybel te lees. Na die ontmoeting is navraag oor sy bestemming gedoen. Hierop het hy hulle sy geloof meegedeel en vertel dat hy op soek na Baptiste was. Hulle was Baptiste, lede van die gemeente van King William's Town. Hulle het hom beduie om na Stutterheim te gaan waar hy Baptiste sou vind. Hy is aangesê om na die meule by "R" te gaan. Dit het hy gedoen en "R" het boodskappers na een van die Baptiste gestuur, wat hom gevind het, besig om sy Bybel te lees "soos die Kamerling van Ethiopië van weleer".

Sy uiteindelike bestemming was Frankfort, K.P. waar hy die nuwe Baptiste leraar, pastoor H Gutsche, wat 14 dae vantevore in die land gearriveer het, ontmoet het. Gutsche is deur die bekende Baptistebaanbreker van Duitsland, pastor Oncken, na Suid Afrika gestuur. Odendaal is op 22 Desember 1867 deur pastor Gutsche in die Dongabarivier naby die Baptiste Kerk van Frankfort, gedoop.

Die volgende betekenisvolle inskrywing is in die notuleboek van die Duitse Baptistekerk van Kafraria gemaak:

*"Jacob Daniel Odendaal, boer van Witkop naby Burgersdorp – ondersoek deur broeders Langheim, Sandow en Grunewald – wat hom vir opname in die gemeente aanbeveel. Hy erken voor die gemeente dat hy 'n arme verlore sondaar is, wat alleen deur die bloed van Christus gered kon word. Sy hoop is op Jesus alleen gevestg. Vir die laaste agt jaar weet en ondervind hy reeds wat dit beteken om wedergebore te wees. Hy verlang om by ons aan te sluit en gedoop te word. Hy is eenparig aangeneem en gedoop." [vrye verwerking].*

Odendaal was die eerste doopskandidaat van H Gutsche in Suid Afrika.

**Getuienis tuis.**

Soos die kamerling het hy die terugreis met groot blydskap onderneem. Omstandighede tuis, was ingestel om sy geesdrif te demp. Tydens sy afwesigheid het sy vrou uit vrees dat hy nie sou toelaat dat hul jongste spruit, sy naamgenoot, besprinkel sou word nie, hom geneem en laat besprinkel. Hierdie daad sou ook dan haar gesindheid teenoor sy eie ondervinding kenskets. Dit wil egter uit briefewisseling voorkom asof sy nie onmiddelik 'n ongenaakbare houding teenoor hom ingeneem het nie, want, in 'n brief aan sy nuwe gemeente, gedateer 16/2/1868, het hy gerapporteer dat hy by verskillende geleenthede, teenoor baie, van die Here getuig het. Vervolging en skande was egter sy loon en sy vrou is besig om die Here te soek. Later moes sy, op advies van haar eie predikant, 'n meer ongenaakbare houding ingeneem het. Of die verhouding tussen Odendaal en sy vrou in die mate versleg het dat "sy vir sewe jaar lank nie met hom gepraat he nie, net hom more en

nag gegroet het, vir hom kos berei het en hom verder heeltemal vermy het, is egter sterk te betwyfel, wat, in die tydperk is 'n verdere vyf kinders vir hulle gebore.

Nietemin, Odendaal het ernstig vir die bekering van sy vrou gebid. Op 'n dag terwyl hy met die Bybel in sy hande in ernstige gebed vir die verandering van sy huislike omstandighede was, hethy meteens sy vrou in uiterste nood na hom hoor roep: "Kom help my!" hy het haar vreesbevange op 'n stoel in die hoek van die kombuis gevind. Naby haar was 'n swart rinkhals, gereed om te pik. Hy het haastig die slang van kant gemaak. Sy het van die stoel in sy arms geval, om vergifnis gesmeek, haar sonde bely en die Here Jesus as Saligmaker aangeneem. Op haar eie versoek is sy op 5 Oktober 1874 gedoop en daarna het sy haar man getrou tot haar dood bygestaan.

**Ordening**

Sedert sy bekering was Odendaal 'n ywerige persoonlike werker. Nadat hy gedoop is, het hy hom beywer vir die totstandkoming van 'n gemeente in sy eie omgewing. Hierdie was beslis nie 'n maklike taak nie, maar tog was daar tekens van seën. Die eerste bekeerling, Daniël Jacobus Steyn, is op 10 April 1869 te Stutterheim, en die tweede, Steyn se suster Nellie, is op 2 Maart 1873 te Witkop deur Hugo Gutsche gedoop. Later is meer tot herdie groepie gevoeg. Hulle het in 1874 by hul gemeente aansoek gedoen om Odendaal as ouderling te orden. Die konferensie van Duitse Baptistegemeentes wat op 26 en 27 September 1874 te Berlin byeengekom het, het hierdie versoek geïnterpreteer as 'n begeerte, aan die kant van die lede te Witkop, om 'n onafhanklike gemeente te stig. In die lig van die feit dat daar net 7 lidmate, met 4 mans, was, is die groep aangeraai om nog verder op die leiding van die Here te wag en hulle vir die bekering van nog siele te beywer. Die groep is verseker dat die konferensie hoegenaamd niks teen die persoon van Odendaal het nie. Die Duitse gemeente is ook by die geleentheid opdrag gegee om voorbereidings te tref vir die ordening van Odendaal "as diaken" en vir die magtiging dat hy die "sakramente" sal kan bedien. By dieselfde vergadering is C Pape afgevaardig om na Witkop te gaan om Odendaal se vrou te doop.

Die ordening van Odendaal is by 'n soortgelyke konferensie te Breidbach op 27 Maart 1875 deur E P Riemer, waargeneem. Laasgenoemde het vanaf die VSA gekom omGutsche in sy werk by te staan.

Op grond van meegaande fotostatiese kopie van die Ordeningsgetuigskrif bestaan daar geen twyfel dat hierdie ordening tot die Evangelie bediening was nie.

**Geestelike werksaamhede te Sugarloaf**

As gevolg van uiters moeilike boerdery-omstandighede het Odendaal en Steyn, met nog vier Baptistegesinne, na veel gebed, besluit om na die Noord-Oos Vrystaat te verhuis. Die geselskap het op 6 Junie vertrek en op 4 September 1876 het hulle op die plaas Mooiheid [die huidige dorpie, Cornelia], wat deur Steyn aangekoop is, gearriveer. Odendaal sou die plaas Sugarloaf, ongeveer 10 Km van Cornelia,

aankoop sodra Witkop verkoop is. Weens die feit dat hy niks van die verkoop van sy grond verneem het nie, het hy reeds voorbereidings getref om na Witkop terug te keer, toe hy van die nuus van die verkoop van sy grond verneem het. Op 6 Desember 1876 het hy en sy gesin hulle op Sugarloaf gevestig.

Die Baptiste het gereeld, onder die geestelike leiding vn Odendaal, van huis tot huis, saam gebid. Hulle het ook voortaan as "Die gemeente van Sugarloaf" bekend gestaan. By die algemene vergadering van die Baptiste-Unie in 1884 het E P Riemer in die volgende woorde verslag gelewer van die goeie nuus wat hy van Odendaal ontvang het: "the houses are crowded on the Lord's day with people eager to listen to the preaching of the Gospel in its simplicity and purity. The people of God rejoice, but the enemies of truth are greatly embitterd.

Beproewings was daar. Met verloop van tyd is twee lede van die groep oorlede en op 17 Februarie 1879 het Odendaal se vrou, met die geboorte van hul jongste baba, hom ontval. Op 29 Desember 1879 is hy weer met mej Wilhelmina Maria Zeppernick, te Cradock, in die huwelik bevestig. Uit hierdie huwelik is 7 kinders gebore. Dit kan hier genoem word dat sy op 13 Maart 1892 oorlede is. Op 3 April 1893 is Odendaal met Dorothea Grubel getroud. Sy is ongeveer ses maande na die huwelik oorlede. In 1894 is hy met SM Odendaal [voorheen le Grange] getroud. Sy het hom oorleef.

Aanvanklik was die Baptistegetuienis in die nuwe omgewing sonder enige sukses. In 1884 is die eerste twee bekeerlinge gedoop en volgens 'n later verslag blyk dit asof die daaropvolgende jaar geseënd was. Nou het die groep alreeds 27 lidmate getel. Hulle het Odendaal as ouderling gekies en hom £150 [R300] per jaar vir sy dienste aangebied. J W Kockjeu is as eerste diaken verkies, terwyl F F Birkholtz en J W Odendaal [2de seun van J D] as "Sondagskool leraars" gekies is.

Die gemeente was inderdaad 'n werklikheid. Toestemming van die moedergemeente te Berlin moes nog verkry word. In 1886 is hierdie toestemming verkry. E P Riemer het in Junie, vir die geleentheid van die offisiële stiging vanaf Berlin na Sugarloaf gereis. Die gemeente het bekend gestaan as die Baptistegemeente van Sugarloaf, distrik Harrismith, OVS.